

# BERAADSLAGING OOR HULLE BEHOEFTES

*Jy hoef dit nie alleen te doen nie. Berading kan die hulp voorsien wat jy nodig het om ander te help.*

God het jou genooi om ŉ individu of familie in jou wyk of tak volgens hulle behoeftes te dien. Hoe vind jy uit wat daardie behoeftes is? Die beginsel van berading, wat so ŉ fokus in die Kerk geword het, is noodsaaklik.

Nadat ons bespreek het wat ons kan oorweeg om oor te beraadslaag, sal ons verken:

1. Beraadslaging met Hemelse Vader.
2. Berading met die toegewysde individu en familie.
3. Beraadslaging met ons metgesel.
4. En beraadslaging met ander wat aan dieselfde individu of familie toegewys is.

Beraadslaging met ons leiers is ook noodsaaklik. ŉ Toekomstige artikel oor die Beginsels van Bediening in die *Liahona* sal beraadslaging met leiers sowel as die rol van bedieningsonderhoude in daardie proses ondersoek.

**Waaroor Ons Beraadslaag**

Dit is noodsaaklik om behoeftes te verstaan om mekaar te dien. Maar watter vorms kan daardie behoeftes aanneem, en is daar iets meer as behoeftes waaroor ons moet uitvind?

Behoeftes kan in baie vorms voorkom. Diegene wat ons dien mag emosionele, finansiële, fisiese, opvoedkundige en nog meer uitdagings ondervind. Sommige behoeftes is ŉ hoër prioriteit as ander. Ons sal toegerus wees om met sommiges te help; ander mag vereis dat ons hulp moet inroep. In ons pogings om in tydelike behoeftes te voorsien, moet ons nie vergeet nie dat ons roeping om te dien, insluit om ander te help om op die verbondspad te vorder. Om voor te berei vir en om die priesterskap-ordinansies te ontvang is noodsaaklik vir verheffing.

Bykomend tot berading oor ŉ individu of familie se behoeftes, moet ons probeer om hulle sterk punte te leer ken. Waarmee het hulle nie hulp nodig nie? Watter vermoëns en talente het hulle wat ander kan seën? Hoe is hulle uniek geskik om te help om die koninkryk van God te bou? Dit kan net so belangrik wees om ŉ individu se sterk punte te verstaan as sy of haar behoeftes.

**Beraadslaging met Hemelse Vader**

Een van die hoofbeginsels van ons geloof is dat Hemelse Vader met sy kinders praat (sien Artikels van Geloof 1:9). Wanneer ons 'n nuwe opdrag kry om iemand te dien, moet ons met Hemelse Vader in gebed beraadslaag om insig en begrip vir hulle behoeftes en sterk punte te kry. Daardie proses van berading deur gebed moet dwarsdeur ons bedieningsopdrag voortduur.

**Berading met Individue en Families**

Hoe en wanneer ons die individue en families wat ons geroep is om te dien, nader, mag verskil afhangend van die omstandighede, maar direkte berading met die individu of familie is noodsaaklik om verhoudings te bou en hulle behoeftes te verstaan, insluitend hoe hulle gehelp wil word. Sommige vrae sal dalk moet wag totdat 'n betekenisvolle verhouding ontwikkel het. Terwyl daar nie een regte manier is om dit te doen nie, oorweeg die volgende:

- Vind uit hoe en wanneer hulle verkies om gekontak te word.
- Leer oor hulle belangstellings en agtergrond.
- Kom met voorstelle oor hoe jy kan help, en vra hulle vir húlle voorstelle.

Wanneer ons vertroue gebou het, oorweeg dit om individuele of familie-behoeftes te bespreek. Vra vrae soos deur die Heilige Gees gelei.[1] Byvoorbeeld:

- Wat is die uitdagings wat hulle ondervind?
- Wat is hulle familie of individuele doelstellings? Byvoorbeeld, wil hulle beter wees met gereelde familie-tuisaand hou, of meer self-onderhoudend wees?
- Hoe kan ons hulle help met hulle doelstellings en uitdagings?
- Watter evangeliese ordinansies wag vorentoe in hulle lewens? Hoe kan ons help om voor te berei?

Onthou om spesifieke hulp aan te bied, soos byvoorbeeld: "Watter aand hierdie week kan ons vir julle 'n ete bring?" 'n Vae aanbod soos: "Laat ons weet as daar enigiets is wat ons kan doen," is nie baie behulpsaam nie.

**Beraadslaging met Ons Metgesel**

Omdat jy en jou metgesel nie altyd saam sal wees as jy met die individu of familie te doen het nie, is dit belangrik om te koördineer en te beraadslaag soos julle inspirasie as 'n metgeselskap soek. Hier is 'n paar vrae om te oorweeg:

- Hoe en hoe dikwels sal julle met mekaar as 'n metgeselskap kommunikeer?
- Hoe kan julle elkeen jul individuele sterk punte gebruik om die familie of individuele behoeftes te dien?
- Wat het julle geleer, watter ondervindings het julle gehad, en watter prikkelings het julle ontvang sedert julle laas gesels het oor die individu of familie?

**Berading met Ander wat Toegewys is**

Dit kan goed wees om van tyd tot tyd met ander te praat wat toegewys is om dieselfde individu of familie as jy te dien.

**Kommunikeer om uitdagings op te los**

Ouderling Chi Hong (Sam) Wong van die Sewentigs pas 'n storie uit Markus 2 toe op ons dag om te illustreer hoe berading dit moontlik gemaak het vir vier persone om uit te werk hoe om 'n man wat serebraal gestrem is in Jesus se teenwoordigheid te kry.

"Dit kon só gebeur het," het Ouderling Wong gesê. "Vier mense het 'n opdrag van hulle biskop uitgevoer om 'n man wat gestrem is by sy huis te besoek. . . . In die mees onlangse wyksraadvergadering, nadat hulle beraadslaag het oor die behoeftes in die wyk, het die biskop 'reddende' opdragte gegee. Hierdie vier is opdrag gegee om hierdie man te help. . . .

["Toe hulle by die gebou aankom waar Jesus was,] was die kamer oorvol. Hulle kon nie by die deur inkom nie. Ek is seker hulle het alles probeer waaraan hulle kon dink, maar hulle kon net nie deurkom nie. . . . Hulle het beraadslaag oor wat om volgende te doen—hoe hulle hierdie man na Jesus kon neem om genees te word. . . . Hulle het met 'n plan vorendag gekom—nie 'n maklike een nie, maar hulle het daarop gereageer.

Hulle het ". . . 'die dak waar Hy was oopgemaak, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak' (Markus 2:4). . . .

". . . 'En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Seun, jou sondes is jou vergewe!' (Markus 2:5)"[2]

**Uitnodiging om te Handel**

Ouderling Dieter F. Uchtdorf van die Kworum van die Twaalf Apostels het aangemoedig: "Beraadslaag saam, gebruik al die beskikbare hulpmiddels, soek die inspirasie van die Heilige Gees, vra die Here vir sy bevestiging, en rol dan julle moue op en begin werk.

"Ek gee julle 'n belofte: as julle hierdie patroon volg, sal julle spesifieke leiding ontvang met betrekking tot die *wie, wat, wanneer,* en *waar* van voorsiening op die Here se manier."[3]

Beginsels van bediening is bedoel om ons te help om te leer hoe om vir mekaar te sorg—nie om as 'n boodskap voorgelê te word nie. Soos wat ons

diegene wat ons dien, leer ken, sal die Heilige Gees ons lei om te weet watter boodskap hulle mag benodig bó en behalwe ons sorg en deernis.

## DIE KRAG VAN BERADING

"As jy iets wil verbeter, moet jy daaroor beraadslaag," het President M. Russell Ballard, Waarnemende President van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê. "Wanneer ons dit doen, skep ons geestelike sinergie wat verhoogde doeltreffendheid of prestasie is as gevolg van gekombineerde aksie of samewerking, waarvan die gevolg groter is as die som van die individuele dele" (in R. Scott Lloyd, "Counseling with Councils Is Lord's System, Elder Ballard Declares," 11 Jan. 2017, news.lds.org; "Strength in Counsel," *Ensign,* Nov. 1993, 77).

Die bou van verhoudings is ook 'n belangrike deel van beraadslaging. Sien ook die Beginsels van Bediening-artikel "Bou Betekenisvolle Verhoudings," in die Augustus 2018 uitgawe van die *Liahona,* op bladsy 6.

**NOTAS**

1. Sien *Preach My Gospel: A Guide to Missionary Service* (2004), 183.
2. Chi Hong (Sam) Wong, "Rescue in Unity," *Liahona,* Nov. 2014, 14–15.
3. Dieter F. Uchtdorf, "Providing in the Lord's Way," *Liahona,* Nov. 2011, 55.

© 2018 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17.
Vertaling van *Beginsels van Bediening, September 2018.* Taal. 15052 501